

Dinsdag 30 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 6:16-17

Trek geloof, verlossing en die Woord van God as wapenrusting aan

Trek die geloof as skild aan, want die skild was baie groot en is vir beskerming teen die pyle van die vyand gebruik. Die skild het die hele liggaam bedek en was aan die buitekant met vel oorgetrek en natgemaak om die pyle van vuur te kan keer, wat 'n vleis- of brandwond kon veroorsaak. Satan se pyle kon wees: ongehoorsaamheid, onbeheerste drange en vrese – en geloof kan dit keer. Geloof is absolute vertroue dat God ons hele lewe beheer en dat Hy ons in Christus beskerm en vashou wanneer die pyle op ons afge-skiet word.

Die helm was 'n beskerming van sterk metaal wat die kop van die soldaat beskerm. Dit is 'n helm van verlossing, want ons het reeds verlossing ontvang en sal dit ten volle ont-vang, en dit hou in vergewing van sonde, bevryding van die heerskappy van sonde en dood en die deel wees van God se huisgesin. Hierdie totale verlossing beskerm die kop, die lewe en denke van die gelowige.

En dan die aanvalswapen: die swaard van die Gees is die Woord van God. Dit was 'n kort swaard wat veral vir 'n man-teen-man-geveg geskik was. Die Woord is hier sowel die geopenbaarde Woord in die Bybel as die gelowige se persoonlike getuienis. Soos Christus die duiwel met die Woord in die woestyn weerstaan het, moet ons die swaard gebruik, want die getuienis van gelowiges wat getrou is aan die Woord, het groot krag. Gelowiges kan nie een deel van die wapenrusting verwaarloos nie.

Sing: Skrifberyming 14-3:3

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)